education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## FEBRUARIE/MAART 2010

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (30)
   AFDELING C: Korter teks: Naslaan-, Informatiewe en Transaksionele tekste (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Dui alle beplanning duidelik aan. Trek ŉ streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Skryf die vraagnommer en die onderwerp neer. Formuleer jou eie titel as jy oor ŉ prent in VRAAG 1.6 skryf.

9. LET WEL: Jy moenie die titel in aanmerking neem as jy die woorde tel nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf ŉ opstel van 250 – 300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1

# Ma is onmoontlik!

**[50]**

**OF**

1.2

# MUSIEK IN DIE MOTOR: JA OF NEE?

As ŉ tiener in ŉ motor klim, móét die musiek speel! Dink jy dit is ŉ goeie ding?

Skryf ŉ opstel waarin jy jou standpunt duidelik stel. **[50]**

**OF**

1.3 Daar is vandag so min geluk en vreugde in die lewe. *Huisgenoot* het besluit om elke week ŉ leser se storie oor geluk en vreugde te publiseer. Jy ken so ŉ storie wat jy wil instuur. Die onderwerp van die storie is:

## ŉ Storie van geluk en vreugde

Dink aan die volgende:

- Wie se storie is dit?
- Wat is die storie?
- Waar het die storie gebeur?
- Waarom dink jy is dit ŉ storie van geluk en vreugde? **[50]**

**OF**

1.4

# TIENERS WAT SWANGER RAAK

Mooi drome kom tot ŉ einde wanneer tienermeisies swanger raak.




[Uit: *Wat jy wil weet*, R Magrow]

Skryf ŉ opstel oor die probleme wat ŉ tienerseun en ŉ tienermeisie het wanneer die meisie swanger raak.

Dink aan die volgende:

- Die rede waarom so baie tienermeisies swanger raak
- Hoe die swangerskap die seun en die meisie se lewens verander
- Wat tieners kan doen om tienerswangerskappe te keer
- Die rol wat ouers en onderwysers (skole) kan speel om tienerswangerskappe te help keer **[50]**

**OF**

1.5

# Ek sal so graag wil help ...


As jy stilsit en dink, besef jy hoe baie dinge jy het om oor dankbaar te wees. Daar is soveel ander mense wat minder as jy het. Nou sit jy en dink hoe jy sulke mense sal wil help, as jy net kon.

Skryf ŉ opstel oor hoe jy kan help. **[50]**

**OF**

1.6 Kies EEN van die visuele tekste hieronder en skryf ŉ opstel daaroor. Gee vir jou skryfstuk ŉ titel.

1.6.1



[Uit: *Idees*, Desember 2008] **[50]**

**OF**

1.6.2



[Uit: *Beeld,* 14 Julie 2009] **[50]**

**OF**

1.6.3



[Uit: *Huisgenoot,* 9 Julie 2009] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

### 2.1 FORMELE BRIEF

Julle skool het mnr./me. Jafta, ŉ verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad, genooi om met julle oor die omgewing en natuurbewaring te praat. Hy/Sy het julle baie geïnspireer en julle wil hom/haar bedank vir die goeie raad.

Skryf ŉ **formele brief** aan mnr./me. Jafta waarin jy hom/haar bedank vir die raad. **[30]**

**OF**

2.2 **HULDEBLYK**

ŉ Baie bekende en geliefde leier in julle gemeenskap is dood. Hierdie persoon het baie vir julle skool gedoen. Die skoolhoof vra vir jou om tydens sy/haar begrafnis ŉ huldeblyk te lewer.

Dink aan die volgende:

- Hoekom die persoon bekend was
- Hoekom die gemeenskap vir die persoon lief was
- Wat die persoon alles vir die skool gedoen het

Skryf nou hierdie **huldeblyk**. **[30]**

**OF**

2.3 **RESENSIE**

Jy is ŉ joernalis by ŉ tienertydskrif en skryf elke week ŉ resensie oor ŉ TV-program. Volgende week begin ŉ nuwe TV-program wat baie interessant gaan wees. Jy het die program al klaar gesien.

Skryf die **resensie** oor hierdie nuwe TV-program. **[30]**

**OF**

2.4 **NOTULE**

Jy is die sekretaris/sekretaresse van julle skool se sportklub en moetŉ vergadering reël om die aktiwiteite van die kwartaal te bespreek. Jy het die volgende kennisgewing en agenda vir die vergadering uitgestuur.

*Kennisgewing van ŉ vergadering van die sportklub op Woensdag,*
*14 Januarie 2010 om 18:00 in die skoolsaal.*

***AGENDA***

1. *Opening*
2. *Verwelkoming*
3. *Verskonings*
4. *Notule van vorige vergadering*
5. *Sake uit die notule*
    - *5.1 Uitslae van vorige wedstryde*
    - *5.2 Verslag oor vervoerprobleme*
6. *Nuwe sportklere*
7. *Projekte om geld in te samel*
8. *Afsluiting*

Skryf nou die **notule** van die vergadering en gebruik die bostaande agenda. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE


### VRAAG 3

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 **POSKAART**

Jy is ŉ lid van julle skoolkoor. Julle het in ŉ groot, vreemde stad aan ŉ nasionale/internasionale kompetisie gaan deelneem. Daar was darem ook tyd om so ŉ bietjie in die stad rond te loop.

Teken die **poskaart** oor in jou ANTWOORDEBOEK en skryf vir jou mense tuis. Vertel hulle van alles wat jy gesien en gedoen het.




**[20]**

**OF**

3.2 **ADVERTENSIE**

Die mense in julle kerk het besluit om ŉ huis te koop waarin kinders en vroue wat mishandel word, kan bly. Julle gaan ŉ bekende sanger/sangeres nooi om ŉ konsert te kom hou, want julle moet fondse insamel.

Stel die **advertensie** op. Die advertensie gaan op die voorblad van ŉ koerant verskyn.

Onthou om ook redes te gee hoekom die gemeenskap hierdie konsert moet bywoon. **[20]**

**OF**

3.3 **INSTRUKSIES**

Tyd staan nie stil nie. ŉ Afrikaanse sanger, Lucas Maree, sing die volgende woorde in sy liedjie, "Kiekies" (foto's):

> *"Van my kiekies is bewyse van die feit dat ek daar was.*
> *ŉ Prentjie-kommentaar van my bestaan."*

Iemand anders het gesê:

> *" ŉ Mens is eers oud as spyt die plek van drome inneem."*

ŉ Mens moet ten minste **vyf baie spesiale dinge** in jou lewe doen/sien voordat jy te oud word.

- Teken die volgende tabel oor in jou ANTWOORDEBOEK.
- Skryf in KOLOM A **VYF instruksies** neer van die baie spesiale dinge wat jy moet doen/sien voordat jy te oud is.
- Skryf in KOLOM B telkens die **motivering** neer vir ELKE instruksie in KOLOM A in ŉ volsin.

| **KOLOM A<br>INSTRUKSIES** | **KOLOM B<br>MOTIVERING** |
|---|---|
| 3.3.1 | (a) |
| 3.3.2 | (b) |
| 3.3.3 | (c) |
| 3.3.4 | (d) |
| 3.3.5 | (e) |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou